# MARTHA EN MARIA

**TEMA:** **Om die hartklop van die Bruidegom te hoor**

Oordenking deur: **Gert du Plessis (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)**

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Luk 10:38 En op hulle reis het Hy in 'n sekere dorp gekom, en 'n vrou met die naam van Martha het Hom in haar huis ontvang.**
**Luk 10:39 En sy het 'n suster gehad met die naam van Maria; dié het aan die voete van Jesus gesit en na sy woord geluister.**
**Luk 10:40 Maar Martha was baie besig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar dat sy my moet help.**
**Luk 10:41 Maar Jesus antwoord en sê vir haar: Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge;**
**Luk 10:42 maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.**

-o0o-

Ek het onlangs 'n uitnodiging gekry om in Burundi te bedien. Ek het tersaaklik daaroor met die Here gepraat vir leiding. Daarna ontvang ek foto's waar die gemeente sit en saam eet, pragtige mense, Jy kan sommer die heerlikheid van die Here op hul gesigte sien wat my diep geraak het.

## 1. KIES DIE REGTE SITPLEK

Tydens my stiltetyd, lees ek die gedeelte van Martha en Maria. Jesus het in die huis gekom van die twee susters. Martha was besig om die huis dinge te doen, maar Maria kom sit by Jesus se voete
.
Dan kla Martha vir Maria by die Here aan en sê: *Here gee nie om dat Maria niks doen nie, kan U nie vir haar sê sy moet my kom help nie*.
Kyk wat sê die Here Jesus vir haar: *Luk 10:41 Maar Jesus antwoord en sê vir haar: Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge (vers 42) maar een ding is nodig: en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.*

Ek het vanmore vroeg wakker geword, met die lied, *As ek sit in Jesus se Voete*. Later het ek die lied op YouTube geluister, wat my geestelik versterk het en deur die lied het ek 'n salwing en seën ontvang. Daaropvolgend was die lied *There's room at the cross for you.*

- Terwyl ek ingedagte na die musiek luister en die Woord van God lees, val my oog op **Lukas 10** vanaf vers 22. Luister mooi wat sê Hy: *Alles is aan My oorgegee deur my Vader; en niemand weet wie die Seun is nie behalwe die Vader, en wie die Vader is nie behalwe die Seun.*
- Hy sê verder en hy aan wie die Seun dit wil openbaar. Duidelik ontvang nie elke hier-jy die openbaring van die Seun, die Bruidegom nie.
- Aan Sy bruid, aan Sy liggaam, aan Sy kerk, aan Sy gemeente, sê Hy *salig is julle oë wat sien wat julle gesien het*, *want Ek sê vir julle, baie profete, en konings, het gewens*, met ander woorde, hooggeplaastes, godsdienstige mense, mense het begeer om te kan sien, *gewens om te kan sien wat julle sien, en dit nie gesien nie, om te hoor wat julle hoor en dit nie gehoor het nie.*

Hierdie gedeelte het my getref!

-o0o-

## 2. **INTIEM MET MEKAAR**

Ek bepeins oor die nagmaal waar Jesus die brood breek en aan Sy dissipels gee. Onthou die 12 is net 'n simboliek van Sy heerskappy (government), Sy bruid, Sy liggaam, Sy kerk, Sy gemeente. Hy sê *dit is my liggaam wat vir julle gebreek word, neem dit*, (Luk 22:19; 1 Kor. 11:24)

Dit is soos 'n bruidegom wie instap in sy binnekamer saam met sy bruid. Hy ontbloot hom met outoriteit aan haar en sê, *hierdie is my liggaam wat aan jou behoort, ek gee vir jou alles wat ek het, ek vir jou my diepste van my wese, alles wat jy hier sien, behoort aan jou. Dit is die volle Woord, Ek is die Alfa en die Omega, Ek het niks vir jou weggesteek nie, en het niks van jou weerhou nie, hier is alles, die volheid van My heerlikheid, hier is die volheid van my Godheid, hier is die volheid van My diepste wat Ek aan jou openbaar.*

Waarom kan Hy Hom dan nie aan almal openbaar nie? Waarom sê Hy *dat alle konings en profete het begeer om te sien wat julle sien en maar sal dit ongelukkig nie kan sien nie*. Hoekom kan net Sy liggaam, net Sy kerk, net Sy bruid, net Sy gemeente die openbaring die volheid van Sy heerlikheid ervaar, hoekom?

Die antwoord lê verder,

## 3. **SOSIALE DISKRIMINASIE**

**Luk 14:12 En Hy sê ook vir die man wat Hom genooi het: Wanneer jy 'n môre— of middagete gee, moenie jou vriende nooi, of jou broers of bloedverwante of ryk bure nie, sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer uitnooi en jy vergelding ontvang nie.**
**Luk 14:13 Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes,**
**Luk 14:14 en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges.**

Ons is altyd so geneig om altyd te wil goed doen aan die wat weer vir ons iets terug te kan doen. Ons is so baie keer geneig om vir ons families spesiale gunsies te doen, geskenke te koop en eer te bewys eerder as die armes en die ellendiges.

Vroeër die week het ons teruggekom van die see waar ons baie visse gevang het. Die Here was so goed, elke vis het 'n eienaar gekry, sonder om munt daaruit te slaan. Mense wat dit nie kon bekostig om Desember maand by die see te kon wees om vis te vang nie, het ieder en elk 'n getuienis gehad van hoe hulle gesmag het na 'n lekker stukkie vis. Dit is almal kinders van die Here. God het hul versugting gehoor en God het vir ons die geleentheid geskep om die vis te vang sodat ons die vis vir hulle kan kon gee. Die vreugde op hul gesigte, die dankbaarheid in hulle harte was 'n seën om te aanskou. Dit is slegs net 'n dood normale stuk vis, niks besonders, maar ek dink dit is die hart wat daarmee saam gaan, die hart van die Here Jesus Christus, wat net die ding doen, en die seëninge daaraan koppel.

Hoe dikwels wil ons net graag die rykes en die edeles en die hooggeplaaste mense seën. Ons wil so graag aan ander goed doen, maar wat van die ellendiges, wat van die kreupeles en die kreupeles, wat van hulle? As ons aan hulle goed doen, dan word ons volgens die Skrif <u>regverdiges</u> genoem.

- **Jy sien, die openbaring van Christus Jesus, die Seun, is slegs daar waar Hy instap saam met jou in die bo-vertrek**. Dit is hoekom as jy nie Sy bruid is nie, jy nooit die volheid van Sy heerlikheid sal verstaan nie. Jy sal nooit die volheid van Sy krag, die vorm van Sy hartklop verstaan nie, want Sy hartklop is daar vir die armes en die ellendiges en die kreupeles.

-o0o-

## 4. DIE MAALTYD

**Luk 14:16 Maar Hy antwoord hom: ‘n Sekere man het ‘n groot maaltyd gegee en baie mense uitgenooi.**

**Luk 14:17 En op die uur van die maaltyd het hy sy dienskneg uitgestuur om vir die genooides te sê: Kom, want alles is nou gereed.**

**Luk 14:18 En hulle het hul almal eenparig begin verontskuldig. Die eerste het vir hom gesê: Ek het ‘n stuk grond gekoop en ek moet noodsaaklik uitgaan om daarna te kyk. Ek vra u, verskoon my tog.**

**Luk 14:19 En ‘n ander een het gesê: Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle probeer. Ek vra u, verskoon my tog.**

**Luk 14:20 En ‘n ander een het gesê: Ek het ‘n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie.**

**Luk 14:21 En daardie dienskneg het gekom en dié dinge aan sy heer vertel. Toe het die eienaar van die huis kwaad geword en vir sy dienskneg gesê: Gaan gou uit in die strate en die gangetjies van die stad en bring die armes en verminktes en kreupeles en blindes hier in.**

**Luk 14:22 En die dienskneg het gesê: Meneer, wat u beveel het, is gedoen, en daar is nog plek.**

**Luk 14:23 Toe sê die heer vir die dienskneg: Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word.**

**Luk 14:24 Want ek sê vir julle dat nie een van daardie manne wat genooi is, my maaltyd sal smaak nie.**

Hoe vreeslik sal dit wees, die dag as die Here ons kom haal en ons kom agter dat die dinge van die wêreld het ons weerhou van die openbaring van Christus Jesus self.

## 5. SELF ONDERSOEK

Kom ons gaan ondersoek onsself bietjie en ons kyk waar staan ons.
Is ons regtig nog op die regte plek?
Gee ons nog regtig om vir hulle wat nie die geleentheid het wat ek en jy het nie.

Is daar nog regtig ‘n hartklop:

- vir die armes en die ellendiges, die kreupeles en die blindes?
- vir ‘n siel wat die Here nodig het?
- vir die mense wat omgee of het dit vir ons te maklik geword om net kerk toe te gaan, gooi jou geld in die kollekte bordjie en gaan huis toe?

Het jy daardie tevredenheid in jou hart?

Nee mense, jy gaan dit nie maak nie. Hoor wat ek vir jou vandag sê .... jy gaan dit nie maak nie.

- Die Bruidegom openbaar Hom net aan die wat weer Sy openbaring na die wêreld toe vat, sodat Hy verheerlik kan word.
- Hy word alleen verheerlik oor die wat bereid is om Sy liefde te gaan betoon aan die wat dit daar buite nodig het.

Mense, kom ons begin die dinge weer reg doen.

Mag die Here julle baie ryklik seën
Mag die Here met julle wees en
Mag die Gees van God self verder met jou praat met hierdie boodskap.

Die Here is met jou.

-o0o-